Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

13 April 2018

PERSVRYSTELLING
(Vir onmiddellike vrystelling)

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op die volgende bekronings vir 2018 besluit.

Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede, onderskeidelik in Pretoria (18 Julie) en Stellenbosch (21 September) oorhandig word.

Die bekroondes is waar moontlik reeds mondeling oor die bekronings ingelig.

1. HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die Hertzogprys is die vernaamste prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die groot kampvegter vir Afrikaans, genl. J.B.M. Hertzog. Die prys is beperk tot oorspronklike letterkundige werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa in dié volgorde. Die prys word toegeken op aanbeveling van die Akademie se Letterkundekommissie.

Die prys is vanjaar toegeken aan **Pieter Dirk Uys** vir ***Stukke teater*** **met inagneming van sy hele oeuvre.**

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

2. EUGèNE MARAISPRYS

Die toekenning van hierdie prys word jaarliks oorweeg vir 'n eerste of tweede bellettristiese werk of werke van 'n skrywer in enige genre en kan net een keer aan 'n skrywer toegeken word.

Die prys word toegeken aan **S.J. (Fanie) Naudé** vir ***Die derde spoel***.

Die prysgeld word gedeeltelik geborg deur *Rapport*.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

3. TIENIE HOLLOWAYMEDALJE VIR KLEUTERLITERATUUR

Die medalje is driejaarliks beskikbaar en word toegeken aan die skrywer wat die beste werk in Afrikaans gelewer het in die genre van kleuterliteratuur.

Die prys word toegeken aan **Jaco Jacobs** vir ***Grom.*** Die illustreerder van die boek is Karen Lilje.

Die prysgeld word gedeeltelik geborg deur die ATKV.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

4. ELSABE STEENBERGPRYS VIR VERTAALDE KINDER- EN JEUGLITERATUUR IN AFRIKAANS

Dit is vir die doel van die prys geoorloof om uit enige taal werke in Afrikaans te vertaal. Hierdie werke word gemik op lesers in die ouderdomsgroep 5 tot 12 jaar (kinderliteratuur) en tieners en jong volwassenes (jeugliteratuur). By die beoordeling van die vertaling word gelet op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie letterkunde geniet en op die juistheid, oorspronklikheid en gehalte van die vertaling.

Die prys word toegeken aan **Kobus Geldenhuys** vir ***Kewerknaap***.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

5. C.L. ENGELBRECHTPRYS VIR LETTERKUNDE

Die prys word vanjaar toegeken vir Afrikaanse letterkunde.

Die prys word toegeken aan **Marlene van Niekerk** vir ***Kaar***.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

6. M.T. STEYNPRYS VIR NATUURWETENSKAPLIKE EN TEGNOLOGIESE PRESTASIE

Die prys word toegeken aan 'n persoon vir sy/haar skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van die natuurwetenskap en/of die tegnologie (of 'n vertakking of vertakkings daarvan) en die suksesvolle toepassing daarvan in breër verband soos in landsbelang. Die prys word gesien as 'n kroon op 'n lewenstaak en kan daarom net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. M.J. (Mike) Wingfield,** verbonde aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Wingfield was voorheen direkteur van FABI (Forestry and Agricultural Biotechnology Institute) wat hy tot stand gebring het. Sy werk op peste en veral

fungi wat boomgesondheid in bosbou bedreig het sterk akademiese en industriële toepassings en het tot wye internasionale erkenning gelei. Hy is onder andere President van IUFRO (die Internasionale Unie van Bosbounavorsingsorganisasies) wat 650 organisasies van 120 verskillende lande verteenwoordig. Dit is een van die oudste en grootste Internasionale Wetenskaplike Unies. Hy het ook talle internasionale pryse en erkennings ontvang wat twee eredoktorsgrade van universiteite in Kanada en die VSA insluit.

Die prysgeld word geborg deur Sanlam.

7. HAVENGAPRYS VIR LEWENSWETENSKAPPE

Die Havengaprys is 'n jaarlikse prestigeprys wat toegeken word vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegnologiese gebied. Die prys kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. W.H. (Emile) van Zyl** verbonde aan die Departement Mikrobiologie, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Van Zyl se oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike gebied word weerspieël in sy navorsingsuitnemendheid en mededingendheid, sy impak op die vakdissipline en die akademiese vakkundigheid wat hy vertoon. Vir reeds meer as 'n dekade beywer prof. Van Zyl hom onverpoos vir die gebruik van omgewingsvriendelike alternatiewe vir fossielbrandstowwe.

8. HAVENGAPRYS VIR FISIESE WETENSKAPPE (CHEMIE)

Die prys word toegeken aan **prof. B.M. (Barend) Herbst**, Emeritus Professor in Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die prys word aan prof. Herbst toegeken vir sy akademiese loopbaan wat strek oor veertig jaar en wat gekenmerk is deur navorsingsuitsette van die hoogste gehalte en dienslewering op verskeie vlakke. Twee van sy dienstake staan uit: Vir meer as vyftien jaar was prof. Herbst betrokke by die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade, spesifiek met die opstel en kwaliteitskontrole van die Senior Kompetisie se eerste en tweede ronde vraestelle. Hy was ook die SA Akademie se verteenwoordiger by die Olimpiade-komitee. Die tweede aktiwiteit wat uitstaan is sy betrokkenheid by SANUM, die Suid-Afrikaanse Simposium vir Numeriese en Toegepaste Wiskunde.

9. STALSPRYS VIR KOMMUNIKASIEKUNDE EN JOERNALISTIEK

Die prys word toegeken aan **prof. Herman Wasserman**, hoogleraar in mediastudies aan die Universiteit van Kaapstad en Direkteur van die Sentrum vir Film- en Mediastudies.

Prof. Wasserman se navorsingsbydrae op nasionale en internasionale vlak is omvattend. Sy werk op veral twee terreine is invloedryk, naamlik eerstens die studie van globale joernalistiek oor onder meer die ontwikkelende verhouding tussen China en Afrika binne 'n verskuiwende geopolitieke konteks en spesifiek Suid-Afrika se rol in hierdie verband. Tweedens is prof. Wasserman op die terrein globale media-etiek een van die sameroepers van die internasionale *Globale Media-Etiek-*

Rondetafels wat kwessies rondom media-etiek in 'n globaliseerde samelewing ondersoek en daaroor publiseer. Prof. Wasserman word gesien as dié voorste Afrikaanssprekende navorser op die terrein van die joernalistiek en mediastudies ter wêreld.

10. STALSPRYS VIR SIELKUNDE

Die prys word toegeken aan **prof. L.M. (Linda) Richter**, Buitengewone Professor aan die Universiteit van die Witwatersrand en Direkteur van die Departement Wetenskap en Tegnologie en Nasionale Navorsingstigting (NRF) se sentrum vir Uitnemendheid in Menslike ontwikkeling.

Die prys word toegeken aan prof. Richter vir haar lewenslange uitsonderlike bydrae tot navorsing gefokus op veral menslike ontwikkeling en die bevordering van kinder-, adolessente- en gesinsgesondheid en -welsyn in Suider-Afrika en baie ander wêrelddele. Haar navorsingsbevindings het sy nasionaal en internasionaal deurgevoer tot op beleidsvlak. Prof. Richter is 'n navorsingsgenoot in die Departement van Psigiatrie van Oxford Universiteit (UK), 'n geaffilieerde by die Fakulteit van die Wêreldsentrum by die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles en 'n raadgewer in vroeë kinderontwikkeling vir die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) in Genève.

11. EREPENNING VIR DIE BEVORDERING VAN ROLPRENTKUNS

Die prys word toegeken aan **mnr. Leon van Nierop**, een van Suid-Afrika se bekendste rolprentresensente.

Mnr. Van Nierop se boek oor die geskiedenis van die Afrikaanse rolprentbedryf, *Daar doer in die Fliek*, is die room van sy kuratorskap van die fliekkultuur in Suid-Afrika en 'n monument vir die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf. Dit is 'n boek wat die leser inlei in 'n kulturele sfeer wat in Paul Kruger se dae ontstaan het en vandag nog gedy. Te midde van 'n bedryf wat hoofsaaklik steun op fiksie en illusie, slaag Leon van Nierop daarin om nugter en so objektief moontlik te bly. Die klem bly deurgaans op korrekte feite sonder om die kleur van 'n eie opinie te oorskadu. Sy styl is lesersvriendelik en tog bly hy getrou aan die genre van geskiedskrywing. Die waarde van hierdie werk lê in sy oorsigtelike deeglikheid, onderskraag deur baie aandag aan kleiner detail. Mnr. Van Nierop se periodisering in dekades is 'n nuttige raamwerk; dit gee 'n kleiner konteks binne die groot raam, wat baie help om die tekortkominge van die rolprente en die vermaaklikheidswaarde daarvan te begryp.

Leon van Nierop was vier jaar lank spesiale professor in film, asook hoof van die Filmskool by die TUT. Hy het film vir 20 jaar by verskeie universiteite doseer en het twee boeke oor rolprent-waardering geskryf. Sy draaiboek vir *Wolwedans in die skemer* is verfilm en *Ballade vir 'n Enkeling* het die Tempo-toekenning as beste rolprent van die jaar ontvang. Sy jongste draaiboek, *Verklikker*, word in 2018 verfilm. Hy is tans ook in onderhandelinge om die volgende episodes te verfilm vir die kykNET-reeks *Daar doer in die fliek.*

12. HUBERTE RUPERTPRYS VIR KLASSIEKE MUSIEK

Die veld van toekenning dek die klassieke musiek. Die prys word vanjaar toegeken aan 'n opleier/onderwyser van klassieke musiek.

Die prys word toegeken aan **mnr. Peter Guy** van Bloemfontein.

Peter Guy is 'n Amerikaans-gebore kontrabasspeler wat hom in 1985 in Suid-Afrika gevestig het. Sedert 1991 is hy senior lektor aan die Vrystaat Musikon en het ook voortgegaan om saam met die Vrystaatse Simfonieorkes op te tree. Onder sy inisiatief is die Snaarinstrument Ontwikkelingsprogram in 1998 deur die Vrystaat Musikon geïnisieer. Onder sy direkteurskap is die *Bochabela String Orchestra* en die *Mangaung String Programme* sedertdien uitgebou tot kroonjuwele van musiek-opleiding vir voorheen benadeelde musikante. Die nasionale en internasionale beeld van klassieke musiek in Suid-Afrika en dié van musikante in die Suid-Afrikaanse klassieke musiekwêreld is drasties uitgebou en getransformeer deur Peter Guy se visie vir klassieke musiekopleiding vir almal. Sy absolute toewyding aan die opleidingsprogramme en sedertdien stigting van orkeste word nasionaal en internasionaal as van uitstaande artistieke meriete gereken.

Die prysgeld word deur die Rupert Stigting geborg.

13. DELEEN BEKKERPRYS VIR DIE BESTE ROLPRENTDRAAIBOEK IN AFRIKAANS

Die prys word toegeken aan **Christiaan Olwagen** 'n rolprentregisseur vir sy rolprentdraaiboek *Johnny is nie dood nie*.

Die film is binne die huidige sosio-politieke bestel van soveel betekenis as wat *Die kandidaat* van Jans Rautenbach in die verlede was. Die film is 'n veelvlakkige en genuanseerde refleksie deur Olwagen oor die impak wat die Voëlvrybeweging en veral Johannes Kerkorrel destyds op hul denkwyses as student en nou binne 'n nuwe tydsgewrig as volwasse groep vriende aan eie lyf voel. Die sterk rolverdeling lewer ensemblespel uit die boonste rakke. Christiaan Olwagen se film-debuut met *Johnny is nie dood nie* kan beskou word as 'n historiese en artistieke mylpaal binne die Afrikaanse film-kanon.

Die prysgeld word geborg uit die Deleen Bekkerprys Trustfonds.

14. MARKUS VILJOENMEDALJE VIR JOERNALISTIEKE PRESTASIE

Die Markus Viljoenmedalje vir joernalistieke prestasie word toegeken vir langdurige hoogstaande werk in die Afrikaanse joernalistiek, hetsy in koerante of tydskrifte.

Die prys word toegeken aan die joernalis **Martie Retief Meiring**.

Martie Rietief Meiring is een van dié rubriekskrywers wie se werk gereeld in gespekke opduik en kan gereken word in dieselfde uitnemende liga as dié van Rykie van Reenen, 'n Afrikaanse rubriekskrywer uit 'n vorige geslag wie se werk ook die onderwerp van tafelgesprekke was. Martie was nie net 'n joernalis wat

waargeneem het nie, maar sy het ook 'n invloed uitgeoefen op dinge rondom haar. Terwyl sy aktief joernalis oor nuus van die dag was, het sy ook haar eie unieke stem, styl en register geslyp as rubriekskrywer van formaat – só dat sy vandag sonder vrees van teëspraak die natuurlike opvolger van die legendariese Rykie van Reenen genoem kan word. Haar oeuvre van rubrieke is gekenmerk met hul satire, die snykant-waarneming, en soms suiwer patos. As joernalis, rubriekskrywer en denkleier het sy 'n beduidende invloed op die ontwikkeling van denke oor dekades onder Suid-Afrikaners gehad. Hierdie uitnemende meester van die joernalistieke professie verdien by uitstek die SA Akademie se Markus Viljoenmedalje.

15. C.J. LANGENHOVENPRYS VIR TAALWETENSKAP

Die prys word toegeken vir taalwetenskaplike en/of taalskeppende werk in Afrikaans, met inbegrip van leksikografie.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. M.C.J. (Christo) van Rensburg,** Emeritus Professor aan die Universiteit van Pretoria. Hy was by sy aftrede Direkteur van die Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid. Tans is hy navorsingsgenoot aan die NWU, waar hy sy navorsing oor Afrikaans voortsit.

Prof. Van Rensburg is veral in taalwetenskapkringe bekend vir die werk wat hy gedoen het om Afrikaans se variëteite te identifiseer, op te teken en te ontleed, en om die plek van hierdie variëteite in die Afrikaanse taalwêreld te integreer. Hy het oor 'n lang tydperk en standhoudend sy belangstelling in Afrikaans in sy wydheid en rykdom, in die akademiese begronding en die internasionalisering van die Afrikaanse taalkunde, en in die terugploeg van sy kundigheid en kennis in die Afrikaanse taalkundelandskap bewys.

16. TOON VAN DEN HEEVERPRYS VIR REGSWETENSKAP

Die prys kan driejaarliks toegeken word vir: Oorspronklike regskundige werke in Afrikaans; en/of vollengte artikels of 'n artikel van hoogstaande gehalte in Afrikaans wat in geakkrediteerde regstydskrifte verskyn het; en/of baanbrekende regsuitsprake in Afrikaans.

Die prys is toegeken aan **prof. Leonie Stander** van die Noordwes-Universiteit.

Prof. Stander publiseer hoogstaande vollengte navorsingsartikels op verskillende terreine binne die regswetenskap.

17. FARMOVS-PRYS VIR FARMAKOLOGIE EN GENEESMIDDELONTWIKKELING

Die prys word toegeken vir voortreflike bydraes tot 'n vertakking of vertakkings van farmakologie en geneesmiddelontwikkeling.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. C.B. (Tiaan) Brink**, verbonde aan die Skool vir Farmasie aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Prof. Tiaan Brink het nie alleen uitstaande bydraes op die terrein van Farmakologie op nasionale terrein gemaak nie, maar geniet ook wye aansien op die kontinent en internasionaal as farmakoloog. Prof. Brink beskik oor 'n besondere talent om

innoverend en nuut te dink. As sodanig was hy ook die programleier van die Web-gebaseerde Honneurs BSc-graad in Farmakologie wat vir bykans 20 jaar op 'n afstandonderrigmodel aangebied is. Vir sy bydraes op onderriggebied ontvang hy nie slegs institusioneel erkenning nie, maar ook internasionaal.

18. CHRISTO WIESEMEDALJE VIR 'N OPKOMENDE ENTREPRENEUR

Die medalje word toegeken aan jong sakelui (45 jaar en jonger) wat sukses behaal het. Persone wat die medalje ontvang, moes ondernemerskap, visie en volharding aan die dag gelê het as private ondernemers in: (1) die vestiging/opbou van 'n plaaslike onderneming(s); (2) die ontwikkeling/bemarking van 'n produk of produkte en (3) die skepping van werkgeleenthede en welvaart.

Die prys word vanjaar toegeken aan **mnr. Schalk C. Nolte** en **mnr. Dewald de R. Nolte**, van die Suid-Afrikaanse sagtewaremaatskappy, Entersekt.

Met die tegnologiese vernuwing in 2008 van die gebruik van 'n selfoon vir internet-bankdienste, is die ontwikkeling gekniehalter deur voorbehoude rondom die veiligheid van aanlyn transaksies. Schalk en drie van sy mede-ingenieurstudente het 'n oplossing gevind vir enersyds hierdie veiligheidskwessie en andersyds die moontlikhede wat die selfoon vir bankdienste bied. Saam met Schalk se broer, Dewald, het hulle sagtewaremaatskappy gegroei en het dit internasionale bekend-heid verwerf vir hulle produkte in die finansiële tegnologiebedryf. Onder Schalk se leiding en met Dewald aan die stuur van sakeontwikkeling word Entersekt die eerste maatskappy ter wêreld wat 'n interaktiewe aanlyn stelsel vir gebruikersidentifikasie en transaksieverifikasie vir finansiële instellings ontplooi. In 2011 word Entersekt by een van die grootste internasionale kubersekuriteits-kongresse in San Francisco aangewys as een van die tien innoverendste maat-skappye ter wêreld – die eerste van 'n reeks wêreldwye toekennings.

19. EREPENNING VIR VISUELE KUNSTE (Argitektuur)

Die Erepenning vir Visuele Kunste word toegeken aan die argitek, **mnr. Pieter J. Mathews** van Mathews en genote.

Mnr. Mathews is een van Suid-Afrika se talentvolle argitekte Benewens sy werk as argitek was het President van die Pretoria Instituut vir Argitektuur, Raadslid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte en stigter en sameroeper van die Cool Capital inisiatief. Mathews en genote, onder leiding van mnr. Pieter Mathews, is in 2014 aangestel as kurator vir die Tshwane snelbusdiens publieke kunsprojek, asook vir die amptelike Suid-Afrikaanse pawiljoen by die Venesiese Argitektuur Biennale. Die *La Biennale di Venizia* word beskou as die mees gesogte platvorm vir Argitektuur in die wêreld. Sy passie vir bewaring het daartoe gelei dat die Nederlandse Ambassade Mathews en genote aangestel het om die Nederlandse voetspoor in Pretoria te dokumenteer.

20. EREPENNING VIR RADIOHOORBEELDE IN AFRIKAANS

Die Erepenning vir Radiohoorbeelde kan drie-jaarliks toegeken word. Werke wat uitgesaai is deur alle uitsaainetwerke in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgegaan het, kom in aanmerking.

Die Erepenning word vanjaar toegeken aan **Johan van Lill** vir al die hoorbeelde (en ander bydraes vir radio) wat hy al gemaak het, dus vir sy hele oeuvre tot en met 2017.

Johan van Lill is bekend as aanbieder van inligtingsprogramme op RSG en 'n veelsydige, goed gekwalifiseerde en ervare opvoedkundige en entrepreneur. Hy is 'n bekende skrywer van jeug- en kinderboeke. Hy gebruik sy kennis van navorsing en fyn aanvoeling vir die narratief van 'n storie om sy passie en toewyding aan die kunste, kultuur, teater en taal ook radiomatig uit te leef. Die fokus van die toekenning is sy bevordering van die kunste deur middel van radio.

21. SPESIALE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE

'n Spesiale Erepenning word toegeken aan kunstenaar, **Hannatjie van der Wat.**

Hannatjie het met haar baanbrekerswerk as 'n Afrikaanse vrouekunstenaar in die wêreld van abstrakte ekspressionisme en analitiese abstraksie vir haarself 'n unieke plek in die Suid-Afrikaanse kunslandskap uitgekerf. 'n Deurlopende karakteristiek van Hannatjie van der Wat se werke is die digte en kleurversadigde geometriese abstraksies wat ook allerweë as die hoogtepunt van haar oeuvre beskou word. Sy is ook bedrewe in die skep van keramiekwerke en grootskaalse publieke beeldhouwerke.

22. SPESIALE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE

'n Spesiale Erepenning word toegeken aan **prof. Albert Troskie** van Port Elizabeth.

Prof. Albert Troskie is 'n veelsydige kunstenaar wat aktief is as akademikus; navorser; uitvoerende kunstenaar; opleier van studente; 'n kerkmusiekkomponis; beoordelaar by kompetisies op nasionale vlak en samesteller en redakteur van gesaghebbende naslaanwerke; inisieerder van meer as een vereniging; leier op verskeie organisatoriese vlakke en betrokke by 'n aantal gemeenskapsprojekte; adviseur vir verskeie pyporrels in Suid-Afrika en praktiserende kerkorrelis en kerkkoordirigent. Prof. Troskie het lewenslank en behartig steeds talle van die bogenoemde aktiwiteite op 'n passievolle wyse en die volhoubaarheid en die dryfkrag waarmee hy projekte aanpak, is merkwaardig.

23. BESONDERE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE

'n Besondere Erepenning word toegeken aan **prof. E.F. (Ernst) Kotzé** vir uitnemende bydrae tot en diens aan Afrikaans as wetenskaps- en standaardtaal. Prof. Kotzé is emeritus hoogleraar en navorsingsgenoot en dosent van die Nelson Mandela Universiteit in Port Elizabeth.

Prof. Kotzé word vereer vir sy ongeëwenaarde diens aan Afrikaans. Daar was oor die afgelope bykans 50 jaar geen ander Suid-Afrikaanse, en bepaald Afrikaanse, taalwetenskaplike as prof. Kotzé wat so uitnemend op so 'n wye gebied van die linguistiek in die algemeen en die Afrikaanse linguistiek in die besonder presteer het nie. Sy spesialiteitsterreine sluit in die ortografie van Afrikaans, leksikografie,

sosiolinguistiek, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, forensiese linguistiek, vertaalkunde, Afrikaanse grammatika, Afrikaanse taalonderrig en die Afrikaanse taalpraktyk. In dié opsig is hy waarskynlik die veelsydigste taalkundige wat hierdie land al opgelewer het. Wat publikasies betref, is sy *magnum opus* ongetwyfeld die *Afrikaans-Japannese Woordeboek* wat in 2016 gepubliseer is. Dit is deur die Navorsingsinstituut vir Tale en Kulture van Asië en Afrika van die Tokiose Universiteit vir Buitelandse Studies uitgegee. Die Japannees word in sowel die Japannese skrif as die amptelike geromaniseerde Japannees gegee. Dit is 'n magistrale werk waarin jare se navorsing en studie vervat is en wat getuig van 'n besondere insig in en kennis van sowel die brontaal (Afrikaans) as die doeltaal (Japannees). Wat Afrikaans betref, is dit 'n waarlik unieke werk van internasionale gehalte.

Prof. Kotzé het twintig jaar lank in die Taalkommissie van die SA Akademie gedien, waarvan tien jaar as voorsitter. Hy is sonder vrees vir teenspraak die baanbreker rakende forensiese liguistiek in Suid-Afrika. Hy is die hoof- Afrikaanse taalkundige van die projek *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*. Verder dien hy meer as tien jaar as die Afrikaanse taaladviseur van RSG.

24. SPESIALE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE

'n Spesiale Erepenning word toegeken aan **Vader John Newton Johnson** vir sy uitsonderlike bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse taal in die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika.

In 1992 het Vader Johnson die Afrikaanse Oratorium in Oudtshoorn gestig waar daar benewens vertaalwerk ook die eeue oue Katolieke religieuse lewe binne die raamwerk van 'n Afrikaanse Katolieke gemeenskap beoefen word. In 2002 stig hy die Port Elizabeth Oratorium en in 2015 die Bloemfontein Oratorium. Sy vertaalwerk van Katolieke tekste in Afrikaans sluit in: Vertaling van die altaarmisboek waarvan hy die hoofvertaler was; vertaling van die drieledige Leksionarium in Afrikaans; die vertalings van die rite van doop, rite van vormsel, die begrafnisrite en huweliksrite in Afrikaans; saam met Vader Phillip Vieri het hy aan die Afrikaanse liedboek gewerk; hy het ook die vertaling van die brevarium in Afrikaans gedoen.

25. EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE SE FAKULTEIT NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE

Die Erepenning word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van 'n besondere vakgebied in die natuurwetenskappe.

Die prys word toegeken aan **prof. Elizabeth (Lizette) Joubert,** tans hoofnavorser by die Landbou Navorsingsraad se Infruitec-Nietvoorbij navorsingsinstituut buite Stellenbosch en is buitengewone professor by die Departement Voedselwetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Lizette Joubert is die afgelope 35 jaar betrokke by innoverende, volhoubare en toegepaste produkgebaseerde navorsing op rooibos en heuningbos. Haar navorsing het gelei tot die ontwikkeling van verskeie prosesse wat deur die rooibos- en heuningbosindustrie geïmplementeer word. Sy het haar navorsing uitgebrei na die antioksidanteienskappe van rooibospolifenole as alternatief tot sintetiese

voedselantioksidante. Haar kennis van die fenoliese komponente van dié tee het gelei tot internasionale erkenning as navorser.

26. EREPENNING VIR WETENSKAPLIKE VAKBEVORDERING (Geesteswetenskappe)

Die Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering word toegeken vir die bevordering en ontwikkeling van 'n spesifieke vakgebied deur medium van Afrikaans op enige terrein van die onderwys. Die Erepenning kan net in uitsonderlike gevalle toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. Ina Joubert**, Departementshoof: Vroeë Kinderonderwys, Universiteit van Pretoria.

Prof. Ina Joubert se professionele loopbaan weerspieël haar toewyding om hierdie vakgebied te bevorder. Haar bydrae oor die afgelope meer as drie dekades strek van dié as onderwyser en later skoolhoof in pre-primêre Afrikaanse skole, tot haar huidige bydrae op tersiêre vlak en die opleiding van toekomstige onderwysers in vroeë kinderonderwys. Prof. Joubert se bydrae as akademikus is gesetel in hoë kwaliteit onderrig, deurlopende leiding en betrokkenheid by gemeenskapsprojekte en publikasies wat op verskeie vlakke 'n bydrae lewer.

27. PROTEA BOEKHUISPRYS VIR DIE BESTE GESKIEDENISPROEFSKRIF IN AFRIKAANS

Die prys word toegeken aan **dr. Wynand Beukes**, verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch. Die titel van sy proefskrif is: “Van Afrikanerkultuur tot Korporatief: Die geskiedenis van Sanlam se Hoofkantoor-personeelkorps 1918–2008”.

Die prysgeld word geborg deur Protea Boekhuis.

28. JUNIOR KAPTEIN SCOTT-GEDENKMEDALJE (Dierkundige Wetenskappe)

Die medalje kan jaarliks toegeken word vir die beste verhandeling wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad ingedien is (om die beurt in die dierkundige of plantkundige wetenskappe).

Die medalje word toegeken aan **me. Lauren M. Robson**, verbonde aan die Departement Soölogie, Universiteit van Johannesburg. Die titel van haar verhandeling is “A histology-based fish health assessment to quantify and qualify the potential effects of the antiretroviral drug, efavirenz on the Mozambique tilapia, *Oreochromis mossambicus* after acute exposure.”

29. DOUW GREEFF-PRYS VIR BESTE ARTIKEL IN DIE *SUID-AFRIKAANSE TYDSKRIF VIR NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE*

Die prys word toegeken vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* gedurende die jaar wat die prys voorafgaan, gepubliseer is.

Die prys word toegeken aan **dr. Katie S. Lennard en mede-outeurs** vir hulle artikel "Hoë voorkomskoers van bakteriële vaginoses en Chlamydia in 'n lae-inkomste, hoë-bevolkingsdigtheid gemeenskap in Kaapstad" wat verskyn het in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, volume 37(1), 2017.

Die prysgeld word geborg deur die Greeff Familietrust.

30. ESTHER GREEFF-PRYS VIR BESTE ARTIKEL IN DIE *TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE*

Die prys word vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (*TGW*) gepubliseer is, toegeken.

Die prys word vanjaar toegeken aan **dr. J.P.C. (Cilliers) van den Berg** vir twee artikels wat in die tydskrif verskyn het:

(a) "Histerie en Perversie (deel I): Enkele teoretiese opmerkings oor slagofferskap binne traumadiskoerse" in TGW, jg. 56 (2-2), Junie 2016.
(b) "Histerie en Perversie (deel II): Slagofferskap in *Der Nazi & der Friseur* (Edgar Hilsenrath) en *De joodse messias* (Arnon Grunberg) in TGW, jg. 56 (3), September 2016.

Die prysgeld word geborg deur die Greeff Familietrust.

31. POORTPRYS

Die toekenning van hierdie prys word jaarliks oorweeg vir die twee beste skeppende bydraes (poësie, prosa, drama) deur leerlinge in grade 10, 11 en 12. Die prys kan meer as een keer aan 'n skrywer toegeken word.

Die prys word toegeken aan:

Poësie: **Jonathan Mark Birch** van die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria vir sy gedig *nat en net na vier.*

Prosa: **Imcke van Vuuren** van die Hoërskool Merensky, Tzaneen vir haar prosawerk *Blou*.

Dr. Dionē Prinsloo
Hoof- Uitvoerende Beampte
Tel.: 086 133 3786
Selfoon: 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za